basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2012

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal in konteks | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ʼn nuwe bladsy.

5. Trek ʼn streep na elke afdeling wat voltooi is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: RUBRIEK, GRAFIESE TEKS EN ARTIKEL

Bestudeer die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### RUBRIEK EN GRAFIESE TEKS

# *Ka$register en Kw€ssies*

**Gat in pad ruk my en jou sak**

Die toestand van die land se paaie het motoriste warm onder die boordjie. Net in Johannesburg is daar in Mei vanjaar, voor die aanvang van die Wêreldbeker-toernooi, 2 500 slaggate herstel.

Volgens S'bu Ndebele, minister van vervoer, is minstens R75 miljard oor die volgende vyf jaar nodig om te keer dat die padvervoerstelsel verder verswak. Altesaam 40% van die land se provinsiale paaie sal heeltemal herbou moet word en 80% van die paaie is 20 jaar ouer as die tydperk waarvoor dit ontwerp is. Dit is 'n bewese feit dat die swak toestand van die land se paaie tot die groot aantal ongelukke en gevolglike eise van die Padongelukkefonds (POF) bydra. Laasgenoemde is iets wat jou en my sak regstreeks raak en die brandstofprys onnodig die hoogte injaag.

Die POF het in 2009 sowat R11 miljard aan eise uitbetaal waarvan R7 miljard aan regskoste, en slegs R800 000 aan hospitale wat beseerdes behandel het. Die res is aan ander tipe eise uitbetaal.

Intussen word omstrede wetswysigings aan die POF beplan. Volgens Ndebele is die dryfveer agter dié wysigings "om 'n doeltreffende voordelestelsel daar te stel wat redelik, regverdig, bekostigbaar en op die lang duur volhoubaar is."

Ndebele sê in hofstukke in die konstitusionele hof, waar die grondwetlikheid van die wetswysigings deur die *Law Society of South Africa* bevraagteken word, die wysigings is nodig om te verseker dat die minderheid ryk mense nie beter behandeling as die meerderheid arm mense ontvang nie.

Plattelandse paaie is, egter, ook 'n krisis. Minstens R75 miljoen word benodig vir die bou en verbetering van plattelandse paaie. Vervoerforums is in 25 distrikte gestig om die bou en onderhoud van landelike gebiede se paaie te beheer. In sommige gebiede is die toestand só benard dat inwoners nog nooit 'n behoorlike pad gesién het nie! Grondpaaie, in plaas van teerpaaie, wat daagliks deur landelike gemeenskappe gebruik moet word, is nie in 'n moderne samelewing aanvaarbaar nie: voetgangers én motoriste het die reg om veilig, vinnig en gerieflik te stap en te ry.


Die Suid-Afrikaanse padnetwerk is 'n belangrike netwerk in die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die land – maar alles kos geld, en soms ook lewens!

[Verwerk uit: *élan,* uitgegee deur Medihelp, Somer 2010]

**EN**

## GRAFIESE TEKS

Volgens dié statistiek van die *Road Traffic Management Corporation* kan die noodlottige ongelukke wat daagliks plaasvind, soos volg ingedeel word:




[Verwerk uit: *Crisisoncall,* Julie 2010]

1.1 Die dollar- en die eurotekens in die opskrif gee ŉ aanduiding dat die teks oor geld handel.

Watter ander leidraad is daar in die opskrifte dat hierdie teks oor geld handel? (1)

1.2 Watter "*Kw€ssie"* word in reël 1–3 bespreek? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder en skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die uitdrukking "*warm onder die boordjie"* (reël 1) beteken dat die motoriste …

A ongelukke veroorsaak.
B baie gespanne raak.
C baie kwaad word.
D baie warm kry. (1)

1.4 In reël 2 word verwys na "*vanjaar*".

1.4.1 Watter jaar is ter sprake? (1)

1.4.2 Motiveer jou antwoord met ŉ bewys uit die teks. (1)

1.5 Die 2 500 slaggate in Johannesburg is volgens die teks voor die aanvang van die Wêreldbeker-sokkertoernooi herstel.

Tot watter gevolgtrekking kom jy oor Suid-Afrika se hantering van slaggate indien dit net vir spesifieke geleenthede herstel word? (1)

1.6 Huidige padtoestande verswak ons land se padvervoerstelsel.

1.6.1 Noem TWEE ander direkte gevolge van swak padtoestande. (2)

1.6.2 Watter indirekte gevolg het swak padtoestande vir motoriste wat nié in motorongelukke betrokke is nie? (1)

1.7 Watter bewys vind jy in reël 17–23 dat die beoogde wetswysigings inderdaad *"omstrede"* is? (1)

1.8 Herlees reël 19–22. Is mnr. Ndebele bevooroordeeld? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Haal 'n frase of sinsdeel aan wat bewys dat stappe gedoen is om die swak toestand van die paaie aan te spreek. (1)

1.10 Die oorspronklike teks verskyn in *élan,* wat deur die mediese skema, Medihelp, uitgegee word.

Waarom kan die insluiting van hierdie teks in dié tydskrif geregverdig word? (1)

1.11 Lees die grafiese teks aandagtig deur en beantwoord dan die volgende vrae:

1.11.1 Waarom, dink jy, vind daar op Dinsdae soveel minder ongelukke plaas? (1)

1.11.2 Watter dae is, volgens die grafiek, krisisdae? (1)

1.11.3 Watter aanbeveling sou jy maak om noodlottige ongelukke oor die twee krisisdae te verminder? (1)

1.11.4 Die inligting in die grafiese teks is 'n wanvoorstelling van wat op Suid-Afrikaanse paaie gebeur. Beoordeel dié stelling. (2)

Kopiereg voorbehou 

**ARTIKEL**

# Lesse uit die lewe

Na ŉ besoek aan die Kaap is ek weer tuis. Weens ŉ selfopgelegde rookverbod in die huis, sit ek die aand onder die lapa en rook. Dit is toe dat ek opmerk daar is ŉ ongemak in die labrador-teef, Woza, se lyf. Die opgeswelde maag kan ŉ mens nie miskyk nie. Swanger is sy nie, want sy is reggemaak ná die werpsel van elf.

Dié moederskap was as gevolg van ŉ berekende besluit. Met ŉ enkelkind in die huis is dit ŉ natuurlike manier om haar bloot te stel aan die vreugde van geboorte. Van nuwe lewe.

Een is kort ná geboorte dood. Nog een is dood gebore. Die oorwig aan getalle van nege hondjies wat op ŉ ma toesak en blindweg tepel soek, het die kortstondige pyn van verlies getemper.

Die elfjarige Katrina het om ma en kinders gekloek. Gehelp dat ŉ sukkelaar ook ŉ drinkbeurt kry. "Die arme Woza," het sy op ŉ keer gesê. Sy het opgemerk hoe maer word sy en het haar kosbak by haar neergesit waar sy lê om vir die hoeveelste keer honger mae te voed. Moederskap eis sy tol.

Soos oë oopgaan en wankelrige bene sterk word, het die belangstelling na die spruite verskuif. Een week het twee geword. Drie, ses. Ek het wal gegooi. Onthou die ooreenkoms: twee asems gaan nie drie word nie. Dit was tydelike speelmaats. En Katrina was immers voorbereid.

Maar op die sluimerende, aanvanklik onsigbare siekte is ŉ mens nie voorbereid nie. Ek kan sien daar is fout. Nie net oor die opgeswelde buik nie. Daar is ŉ treurigheid in die oë. Die ore hang.

Ons vat Woza veearts toe. Die reun, Fifty, wil ook inspring. Sy obsessie met ŉ bal bied genadiglik die nodige afleiding. Die veearts sê Woza kan laatmiddag gehaal word. By die huis gaan lê sy in ŉ hoek. Dis tyd vir huisberaad. Nie buite nie. Nie met die honde om ons nie.

Ek probeer die nuus na die beste van my vermoë oordra. Van ŉ siekte met ŉ onuitspreeklike naam. Van ŉ kwart longkapasiteit. Van kanker wat kan intree. Sny kan daar nie gesny word nie. Die veearts het sy aanbeveling gemaak, maar die besluit lê by ons.

Katrina huil onbedaarlik. Pa troos. Ma verduidelik ... van keuses wat jou eintlik nie ŉ keuse laat nie. Van genadedood. Tussendeur die trane sê die elfjarige: "Ek verstaan. Ek het *Marley & Me* gesien."

Ek ook. Destyds het ek nie gereken dit is ŉ wafferse fliek nie. En ek sluk my woorde.

[Verwerk uit: *my Tyd,* 10 April 2011]

1.12 Skryf die frase neer wat aandui dat die skrywer **vrywillig** onder die lapa sit en rook het. (1)

1.13 Hoe het die versorging van die gesin se troeteldiere Katrina ŉ paar lewenslesse geleer? (1)

1.14 Kies die antwoord wat NIE PAS NIE. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die dood van die twee klein hondjies was vir Katrina minder pynlik, omdat ...

A daar nog ander hondjies was.
B sy baie bedrywig was om die oorlewende hondjies te versorg.
C sy die ma gehelp het.
D haar ouers haar berispe het. (1)

1.15 Watter kontras oor moederskap word in hierdie artikel uitgelig? (2)

1.16 Die moontlikheid het bestaan dat die nuwe hondjies vir ewig/altyd gaan bly.

Haal TWEE VERSKILLENDE SINNE aan waarin Katrina se ouers se gevoel oor dié stelling weerspieël word. (2)

1.17 Waarom moes die besluit rondom Woza nie geneem word waar die honde by is nie? (1)

1.18 Die pa was bevooroordeeld teenoor die fliek, *Marley & Me.*

1.18.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)

1.18.2 Haal VIER OPEENVOLGENDE woorde aan om jou antwoord te staaf. (1)

1.19 Van watter waarde kan dié fliek, *Marley & Me*, volgens die teks vir ŉ mens wees? (1)

1.20 Sê waarom jy dink dat genadedood vir diere geregverdig kan word. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

In die teks hieronder word SEWE WENKE genoem wat ŉ mens sal help om te ontspan.
Som hierdie sewe wenke puntsgewys in volsinne op.
Jou opsomming mag nie meer as 90 woorde wees nie.
Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan.

**LEER SÓ ONTSPAN**

Ons lewe in ŉ kultuur waar jy voel as jy nie genoeg stres nie, probeer jy nie hard genoeg nie. Soms vermy mense ontspanning as gevolg van trauma, depressie of slegte herinneringe. ŉ Mens moet jouself die geleentheid gun om te rus en jou vrye tyd behoorlik te geniet.

ŉ Mens se senuweestelsel word voortdurend onder druk geplaas wanneer jy aanmekaar gespanne is en kort voor lank is daar ŉ kortsluiting en sit jy met onomkeerbare gesondheidsprobleme as gevolg van ŉ oormaat spanning. Daarom is ŉ gesonde vitamien D-dieet vir stresontlading noodsaaklik indien jy jou delikate senuweestelsel wil beskerm en dit wil laat ontspan.

Gereelde en effektiewe oefening soos joga, swem, dans, en selfs stap is van die beste medisyne en kan nie genoeg beklemtoon word nie. Maatskappye wie se personeel gereeld aan hoë stresvlakke blootgestel word, het deesdae ŉ verpligte oefensessie waaraan elke personeellid op ŉ gereelde basis móét deelneem. Hulle deelname word ook gemoniteer.

Soveel dinge gebeur met ŉ mens deur die loop van ŉ besige dag dat die mooi en die lekker daarvan soms ongesiens verbygaan. Mense lééf nie meer nie, hulle bestaan net. Daarom is dit ook belangrik dat jy jouself genoeg tyd vir introspeksie gun – alleentyd – om die lewe te geniet en oor die dag se ervarings na te dink.

Dit help ook nie dat jy net oor die mooi en die lekker van die dag dink nie; skryf dit ook in ŉ dagjoernaal en lees dit gereeld. As jy dit later weer lees, sal jy verbaas wees oor hoe dankbaar jy voel dat jy goed vir jouself is. Dis wonderlike terapie vir ŉ moeë siel.

ŉ Gespanne persoon loop die heeltyd met spiere wat so styf soos ŉ snaar span en wanneer daardie snaar breek, het ŉ mens probleme. Die beste oplossing hiervoor is om in ŉ bad met aromatiese olies te ontspan wat dieselfde uitwerking as ŉ diep massering van die spiere vir stresontlading sal hê.

ŉ Goeie film het nog altyd wondere verrig wanneer stres ŉ mens se hele wese vul. Maak net seker dis nie van die skop-, skiet- en doodslaanfilms nie. Jy wil juis ontspan!

[Verwerk uit: *Vrouekeur,* 4 Februarie 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**EN**

**AFDELING C: TAAL**

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**VRAAG 3**

**RESENSIE**




# Neeson veg om sy lewe in *Onbekend**

'n Resensie deur Paul Boekkooi
*Onbekend*, 'n aksieriller.
3 uit 5

**Met**: Liam Neeson, Diane Kruger, January Jones, Aidan Quinn, Bruno Ganz, Frank Langella.
**Regie**: Jaumet Collet-Serra.

In *Onbekend* speel Liam Neeson die rol van dr. Martin Harris, wêreldwyd bekend as 'n biotegniese wetenskaplike wat 'n konferensie in Berlyn moet toespreek.

Ná hoogs opwindende openingstonele waarin ons kon sien wat met Harris gebeur, sonder dat hy heeltyd sélf daarvan bewus was, word hy ná vier dae uit 'n koma wakker. Harris leer dat iemand anders sy identiteit aangeneem het en dat selfs sy vrou, Elizabeth (January Jones), hom nie herken nie en hom nog minder glo.

Harris word in 'n maalkolk van 'n alleenstryd gedompel. Sy fokuspunt is sy eie oorlewing.

Sy lewe word met benouende raaisels gevul terwyl hy angstig probeer om elke minuut sedert sy aankoms in Berlyn te herstruktureer voordat hy by Gina (gespeel deur Diane Kruger) uitkom. Sy het die taxi bestuur wat tydens 'n jaagtog in die Spreerivier ingeplons het en byna haar en Harris se lewe gekos het. Dit is ook dáár waar Harris al sy identiteitsdokumente verloor het.

Desperaat en doelgerig probeer hy agter die kap van die byl kom.

Ernst Jürgen (Bruno Ganz), 'n voormalige Oos-Duitse spioen, doen van sy kant af ondersoek vir Harris om by die waarheid uit te kom.

Helaas, die verhaal raak stadigaan lelik geknoop in sy eie uiteenlopendheid.

Neeson, wat soms verbouereerd lyk oor alles wat hy moet doen, hou ten minste koers. Hy en Diane Kruger skep 'n opwindende sinergie en bied kykers die heel beste oomblikke. Ganz se spel inspireer altyd.

*Onbekend* is manna vir aksieliefhebbers. Die wilde jaagtog deur Berlyn in 'n taxi grens aan die absurde.

Ander detail word deur die Spanjaard, Jaumet Collet-Serra, uitgelig – iets wat selde by regisseurs in hierdie genre aangetref word.

Wat wel onafwendbaar omtrent *Onbekend* vasstaan, is dat dit jou met gemengde gevoelens laat.

Phillip French van *The Observer* sê dat kykers die fliek moet geniet en dan daarvan moet vergeet.

* *Filmtitel is fiktief.*

[Verwerk vanaf http://www.beeld.com/Vrydag/*Nuus*, 7 April 2011]

3.1 Skryf die stam van die woord *oorlewing* (reël 10) neer. (1)

3.2 Skryf in die verlede tyd:

*Harris word in ’n maalkolk van ’n alleenstryd gedompel.* (1)

3.3 In die stervorm, regs van die titel, word oorredingstaal gebruik.

3.3.1 Haal ’n frase aan waarin die oorredingstaal voorkom. (1)

3.3.2 Motiveer die geslaagdheid van die frase wat jy by VRAAG 3.3.1 genoem het. (1)

3.4 In die woordeboeke word die volgende inligting oor *taxi* (reël 13) gegee:

**Ta’xi** s.nw. (uitspr. t*ak’si) (-*’s) (< E.) Gehuurde motor met bestuurder en outomatiese tariefmeter; huurmotor; ook, voertuig wat ’n aantal passasiers teen betaling vervoer: *Wat, nog ’n ongeluk met ’n taxi?* Δ Dis ’n heelnagse vermaakplek, en ’n taxi wat wag, sal nie veel aandag trek nie (Jan Rabie). **taxi: ~bestuurder, ~eienaar, ~ryer, ~vereniging**.

[Uit: *HAT,* 2011]

3.4.1 Skryf die lettergreep wat by die uitspraak van die woord *taxi* beklemtoon word, neer. (1)

3.4.2 As watter woordsoort word *taxi* normaalweg gebruik? (1)

3.5 Verander die sin in ’n vraagsin deur net van die woorde wat in die sin voorkom, gebruik te maak:

*Desperaat en doelgerig probeer hy agter die kap van die byl kom.* (1)

3.6 Lei die betekenis van die idioom, ... *agter die kap van die byl kom* (reël 16), af. (1)

3.7 Gebruik die woord *hoewel* en vorm EEN sin van die twee sinne hieronder:

*Onbekend is manna vir aksieliefhebbers.*
*Die wilde jaagtog deur Berlyn in 'n taxi grens aan die absurde.* (1)

3.8 Skryf in die aktief/bedrywende vorm:

*Ander detail word skitterend deur die Spanjaard, Jaumet Collet-Serra, uitgelig.* (1)

**EN**

**KORTER TEKS**

# Kluisenaarskap ... vir die beginnerskrywer

Brand jy van nuuskierigheid om meer van 'n beginnerskrywer se geheime te wete te kom? Jy kan! Volg net ons tienpunt-plan.

Kweek eers 'n bokbaard wat jy gereeld soos 'n skrywer kan streel. Sug en lyk (3.12 vervelig/verveeld.)

Skaf dan vir jou 'n verafgeleë woning aan, iewers in 'n blarewoud of 'n sandwoestyn.

Skaar jou soos 'n monnik by eenvoud en armoede, maar onthou, dring aan op jou aandeel uit die wins van jou boeke.

Glo in die ongewone soos wat Salinger in homeopatie en orgoonenergie geglo het.

Óf word 'n gerespekteerde pasifis, lief vir wêreldvrede en vol van aanvaarding vir ander.

Maar as 'n biograaf twak oor jou kwytraak, skuif hom met minagting op die agtergrond.

Moet glad nie toelaat dat skelmfoto's jou privaatlewe ontbloot nie.

Indien jou skryfwerk met 'n belangrike prys bekroon word, moet jy beslis tog nie vir die plegtigheid opdaag nie.

Staar dan, soos 'n tipiese kluisenaar, intens en melankolies, asof jy niks in die verte gewaar nie.

[Verwerk uit: *Boekebylae*, *Rapport*, 7 Maart 2010]

3.9 Wat impliseer *Jy kan!* in reël 2? (1)

3.10 Skryf die woord wat in reël 1–6 verkeerd gespel is, korrek oor. (1)

3.11 Brei die onderwerp van die volgende vraagsin uit met behulp van 'n byvoeglike bysin.

*Brand jy van nuuskierigheid om meer van 'n beginnerskrywer se geheime te wete te kom?* (1)

3.12 Kies die korrekte woord wat in reël 4 pas. (1)

3.13 Herskryf die volgende sin in die indirekte rede:

Die erkende skrywer het gesê: "Ek sal vandag vir my 'n verafgeleë woning kry." (2)

3.14 Die woord *sandwoestyn* (reël 6) is deur kontaminasie gevorm.

3.14.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

3.14.2 Motiveer jou antwoord. (1)

3.15 Kies die korrekte vorm van die woord wat in die volgende sin gebruik word:

Die kluisenaar moet al (vryf) oor sy baard streel.

A vryfende
B vrywende
C gevryfde
D gevryf (1)

3.16 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Die (biograaf) van die kluisenaar se lewe verkoop flink. (1)

**EN**

**ADVERTENSIE**




# ROCKSPAAIDER

Skryf in en wen groot

POMP MUSIEK IN JOU ARE, DROOM JY VAN ROEM? Wel, skryf dan in vir die JIP-Rockspaaider, want ons gaan jou orkes beroemd maak! JIP-Rockspaaider is 'n nasionale kompetisie. Kry dus jou luisterryke wysie reg en skryf nou in, want groot pryse is op die spel.

Stuur jou orkes se CV (slegs twee A4-bladsye).
Verskaf die titels en lirieke van jou liedjies, asook die skrywers se name.
Die CV's en lirieke moet getik wees. Gebruik die MS Word-formaat as jy dit wil e-pos.
Geen foto's of CD's word aanvaar nie, maar gebruik die JPEG-formaat as jy dit wil e-pos.
Orkeste moet by Ludwig of Toni seker maak hul inskrywings is ontvang.
Besoek www.jip.co.za en www.rockspaaider.com vir die betrokke datums en reëls.

Faks hierdie vorm na 086 616 4664.
E-pos dit na rockspaaider@onebigroom.co.za
Spertyd: 13 Mei 2011
Navrae by Ludwig of Toni: (012) 804 7753

[Verwerk uit: *Jip*, *Volksblad*, 28 Maart 2011]

3.17 Watter boodskap wil die skrywer aan die teikengroep oordra met die naam *Rockspaaider*? (1)

3.18 Verskaf 'n neutrale woord vir *droom* (reël 1) in die sin: *Droom jy van roem?* (1)

3.19 Beantwoord beide die vrae.

3.19.1 Wat is die konnotasie van: *Pomp musiek in jou are* (reël 1)? (1)

3.19.2 Gebruik *pomp* in 'n verklarende sin om sy denotatiewe betekenis uit te lig. (1)

3.20 Vervang *nasionale* (reël 3) met 'n gepaste sinoniem. (1)

3.21 Skryf die intensiewe vorm vir *groot* (reël 5). (1)

3.22 Gebruik *spel* as 'n werkwoord in 'n verklarende sin. (1)

3.23 Skryf die vroulike vorm vir *skrywers* neer. (1)

3.24 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

*Spertyd* (reël 20) is deur die woorde *sperdatum* en *keertyd* gevorm. Hierdie manier van vorming staan bekend as …

A analogie.
B kontaminasie.
C nuutskepping.
D toutologie. (1)

3.25 Skryf die afkorting *E-pos* (reël 19) voluit. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou